

KOMMUNIKAMMA 20 FEBRUARIE 2022



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Skriflesing: Ps 1:1-3; Luk 6:43-45; Jak 3:9-12

Tema: 'n Goeie boom dra goeie vrugte.

<https://youtu.be/F3l85Oa00sY> Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

09:00 BEYLDENISAFLEGGING

Ons wens die volgende jong mense geluk wat vanoggend belydenis van hulle geloof aflê:

Cara-Mari Botha

Wiaan Hanekom

Rhyan Mulder

Thriscka Stapelberg

Evan Strydom

Liané Vlok

Shaun Westraadt

Geen Kleuterkerk of kategese nie a.g.v die Belydenisaflegging

Die deurdankoffer vandag gaan vir Sinodale Dankoffer Hulp aan Gemeentes

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou **250 persone** per erediens in die kerkgebou wees. Die diens word steeds digitaal beskikbaar gestel.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn besprekingsvorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens.

Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie. Dit maak net die proses makliker, want ons moet 'n naamlys hê van almal wat by die erediens was.

Week van Gebed 21-23 Februarie 2022

Jy word hartlik uitgenooi na die week van gebed. Daar sal **Maandag, Dinsdag en Woensdagaand 19:00-19:40** 'n bymeekaarkoms in die kerkgebou en per *live stream* plaasvind.

Hierdie jaar is ons tema= **In die begin: klein ek, GROOT GOD**

Ons doel vir die week is 'n:

- Week van **Genesis 1** saam deurwerk.
- Week van **geduldig** en diep **luister na God.**
- Week van **diep nadink oor God.**
- Week van **deel en doen** wat God aan ons openbaar.

Ons luister na God, voor ons praat met God of oor God. Ons is in 'n aanhoudende oop gesprek met God. Ons droom om aan die einde van die week vir God, onself en die lewe beter te verstaan.
Jy is baie welkom.

Maandag 21 Februarie

12:45 GEBEDSKILD

Gemeente gebedgeleentheid by konsistorie. Almal is welkom.

19:00 WEEK VAN GEBED

https://youtu.be/U804KPS7_nk Skakel gerus om 19:00 op ons Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.

Die dankoffer gaan vir Diens van Barmhartigheid

Dinsdag 22 Februarie

19:00 WEEK VAN GEBED

<https://youtu.be/BBQkSyw1uWI> Skakel gerus om 19:00 op ons Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.

Die dankoffer gaan vir Diens van Barmhartigheid

Woensdag 23 Februarie

19:00 WEEK VAN GEBED

<https://youtu.be/zLIg31DtgOc> Skakel gerus om 19:00 op ons Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.

Die dankoffer gaan vir Diens van Barmhartigheid

Voedselhelp aan PE-Noord

Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds R301 527,55 gebruik om kos aan te koop.

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Donderdag 24 Februarie

09:30 FONTEINVRIENDE V&V

Fonteinvriende hou om 09:30 'n V&V (vasvra & vrugtefees). Ledegeld is R20.00 vir die byeenkoms. Die fonteinvriende is ons afgetrede mense. Indien jy meer inligting wil hê of nuut wil inskakel, kontak met Zelda Bakkes by sel: 083 950 6096.

Vrydag 25 Februarie

05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnummer 082 773 6205.

Sondag 27 Februarie

09:00 EREDIENS – NAGMAAL

A.g.v die Nagmaal sal daar slegs een erediens wees en sal daar ook geen koffie bedien word na die diens nie.

Daar sal ook geen kleuterkerk of Kategese wees nie.

SAKE vir GEBED:

- Die week van gebed.
- Ons dank die Here vir elke druppel genade reën, maar bly ook steeds op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van die damme, asook vir die verouderde infrastruktuur vir watervoorsiening in ons stad.
- Almal wat siek is. Ons bid dat elkeen van hulle genesing sal ervaar. Ons bid in besonder vir Hartman en Maryna Potgieter. Hartman is baie swak.
- Dit gaan nie goed met Renier du Preez nie. Hy sterk tans aan in Aurora. Bid asb ook vir sy vrou, Christina.
- Thelma Hansen van Stella Londt sukkel baie met haar gesondheid.
- Ons bid vir Janine en Gerrit Coetzee. Ons bid vir die beskerming van die Here op elke faset van hulle lewens, asook hulle reisrelings.
- Baie van ons gemeentedelede het operasies en prosedures ondergaan. Ons bid vir hulle herstel.
- Johan Harmse wat herstel na 'n ongeluk.
- Felicity Murray se dogter herstel na 'n operasie.
- Bejaardes en almal wat sukkel. Ons bid Psalm 27:14 vir hulle toe. "Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!"
- Ons bid vir die opvoeding en onderwys van ons land. Daar is geweldige uitdagings by skole. Ons bid dat leerders die werk wat agv die pandemie velore gegaan het, sal opvang.
- Skole in Noordelike woonarea word beroof en onderwysers word geteiken, met die gevolg dat leerders en onderwysers bang is om skool toe te gaan. Bid asb ernstig vir hulle. Die getraumatiseerde kinders in hierdie gebied kry min ondersteuning.
- Paul van Heerden se ma is oorlede.
- Ons bid vir huwelike en gesinne.
- Ons bid vir die uitdagings in die NG Kerk.

Gebedsversoek vir There4-Bedieninge

Bid saam met gelowiges in **Libië** wat hulle geloof in Jesus Christus 'n geheim moet hou, anders staar hulle arrestasie en slawerny in die gesig. Bid saam dat God sal voorsien in intieme aanbiddingstye met Hom.



There4-Bedieninge nooi jou om saam te reis op Sondag 6 Maart 2022 om 18:30. Ons gaan al die pad om die There4-wêreld Zoom in 60 minute. Geen vliegtuigkaartjie of paspoort word benodig nie. Hierdie is 'n geleentheid om te sien hoe die There4-span die liefde van Christus deel met verlore nes, asook ons boeties en sussies wat bemoediging nodig het.

Indien jy wil saam reis RSVP deur 'n e-pos aan Nadia te stuur na support@there4ministries.org of 'n sms na 082 336 0253

MAART MALLIGHEID



Neem asb kennis dat die Maart Malligheid verskuif het na Vrydag 11 Maart. As jy wil optree, deelneem of help, kontak gerus vir Margita (082 337 4336) of Linda (082 402 4396) vir meer inligting.

KOFFIEBEDIENING

Ons herinner almal dat die Koffiebediening weer aan die gang is. Daar is voor elke erediens koffie en tee in die maalruimte beskikbaar.

Indien jy betrokke wil raak by die Koffiebediening, kontak asb vir Annelie van Rooyen (084 412 1068).

KERKRAAD EN DIENSWERKERS VAKATURES

Die gemeente het 'n 2 ouderling, 2 diaken en 6 dienswerker vakatures. Indien die Here jou lei om hier te dien, kontak asb vir Niekie.

MTR SMIT KINDEROORD VERJAARSDAE

Die dames van die gemeente word uitgenooi om deel te word van die verjaarsdag-bediening by die MTR Smit kinderoord. Indien jy wil deel word van hierdie bediening en graag een van die dogters in Huis 8 wil bederf op haar verjaarsdag, kontak asb vir Debah van Eeden (082 933 2443) of Linda Rossouw (082 402 4396)

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 20 Februarie Craig Blignault, Theuns Botha, Johan Enslin, Christo Ross, Renell Verster en Shaun Westraadt
- 21 Februarie Simon Bosch, Danie Olivier en Ruaan van der Merwe
- 22 Februarie Trevor Herbst, Eugene Owen, Hartman Potgieter, Arne Rust en Gunther Strauss
- 23 Februarie André Basson, Hanco Pretorius en Candice van Rooyen
- 24 Februarie Jalita Jordaan, MC Maree, Telana Mouton, Henry Mulder, Dean Nell, Evan Strydom en Jalita Viljoen
- 25 Februarie Marius Breytenbach, Wayne Moller, Eunette Stoltz en Peto van Rooyen
- 26 Februarie Elise Coetzee, Marie Greeff, Amanda Janse van Rensburg, Morne Meintjies, Selmarie Morgan, Tanya van Rensburg, Lynette van der Walt en Issie Venter



Spesiale Gelukwense aan tannie Issie Venter wat op Saterdag 26 Februarie haar 91ste vejaarsdag vier.

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

